HOËRSKOOL ELSPARK

WAAIBOOMSTRAAT, ELSPARK, 1428
POSBUS 12001, ELSPARK, 1418
kantoor@hselspark.co.za

☏ 011 893 2013/4
🖷 011 893 3879
www.hselspark.co.za

11 Junie 2021

Geagte Ouer/Voog

Van ons ouers, leerders en personeel is tans siek en ons wens hulle alle beterskap toe. Die meeste van ons is egter gesond en ek glo dat ons almal in hierdie moeilike tyd steeds staande kan bly deur met geloof, hoop en liefde mekaar te ondersteun.

Ons is deur 'n moeilike paar weke vandat die skool op volskaal vir die tweede kwartaal begin het. Die nuwe klasse kort nog net finale afronding voordat ook die 5de klas in gebruik geneem word.

VERANDERINGE AAN ROOSTER
Die skool is noodgedwonge verlede Donderdag en Vrydag gesluit en in die lig van die derde Covid-vlaag sal die graad 8 en 9 leerders van volgende week af op alternatiewe dae skoolgaan.

1. Graad 8 leerders kom vanaf Maandag 14 Junie en elke tweede dag daarna.
   Dit is 14 Junie (dag 7 op rooster), daarna 17 Junie (dag 2 op rooster want Woensdag 16 Junie is 'n vakansiedag), daarna 21 Junie (dag 4 op rooster), 23 Junie, ens. ens.
2. Graad 9 leerders kom vanaf Dinsdag 15 Junie en elke tweede dag daarna.
   Dit is 15 Junie (dag 1 op rooster), daarna 18 Junie (dag 3 op rooster want Woensdag 16 Junie is 'n vakansiedag), daarna 22 Junie (dag 5 op rooster), 24 Junie, ens. ens.
3. Toetse vir graad 8 en 9 leerders wat op dae val wat hulle nie by die skool is nie, sal geherskeduleer word.
4. Graad 10, 11 en 12 leerders gaan vir eers normaal aan.

STRENG TOEPASSING VAN REËLS
In die lig van toenemende covid-infeksies, sal daar baie streng teen leerders opgetree word wat nie die Covid regulasies nakom nie. Dit sluit die volgende in:

1. Dra van maskers ten alle tye
2. Sosiale distansiëring deur
   2.1 Te alle tye 'n minimum van 1 meter van enige ander persoon te handhaaf.
   2.2 Gedurende klas op sy/haar sitplek bly vir die volle duur van die periode behalwe in geval van nood.
   2.3 Tydens wisseling van klasse moet leerders agter mekaar loop en links hou op stoepe en trappe.

Leerders wat hierdie reëls oortree sal van volgende week af summier geskors word aangesien sulke leerders ander in gevaar stel.

Skakel ons gerus vir enige navrae.

Vriendelike groete

J.H. van Niekerk
Hoof